# Die Kruin-o-gram

27 Junie 2021 - Uitgawe 04

## Wees voorbereid | Lukas 12:35-48

Om agtergrond te kry oor die Lukas evangelie in geheel, gaan lees gerus die eerste uitgawe van die Kruin-o-gram in Februarie (07 Februarie 2021). Om Lukas 12:35-48 ten volle te kan verstaan, is dit nodig om te weet met wie Jesus in gesprek is. Wat die vorige gedeelte van Lukas 12 vir ons aandui, is dat Jesus in gesprek is met 'n skare, Skrifgeleerdes en Fariseërs, asook die dissipels. Hierin sien ons dan dat Jesus die diskoers waarmee hy besig is op elkeen van hulle rig.

Wat die teksgedeelte nog verder kompliseer, is dat hierdie teksgedeelte ook Lukas se eskatologiese verstaan aan sy leser kommunikeer. Wat beteken eskatologie? Eskatologie kom van die Griekse woord '*eschaton*' af, wat letterlik vertaal kan word as die "*einde van tyd*". Eskatologie is dus die studie van die einde van tyd. In hierdie eskatologiese verstaan, verduidelik Lukas vir sy leser twee dinge. Een, ons weet nie wanneer die Seun van die Mens gaan kom nie en twee, daarom moet ons gereed wees vir Sy koms.

Lukas gaan dan verder om hierdie idee te verduidelik deur te illustreer hoe dit lyk wanneer ons gereed is vir die koms van die Seun van die Mens. Hy doen dit aan die hand van die gelykenis van die waaksame slaaf. In hierdie gelykenis word drie dinge vir ons geleer: 1) Die kennis wat die Here aan ons geopenbaar het, moet ons bewaar en nie misbruik nie ('n Boodskap vir die dissipels). 2) Om die wat deel van ons geloof is, te versorg en op te bou ('n Boodskap aan die Fariseërs en Skrifgeleerdes). 3) Om te weet dat die Koninkryk van God aan ons toevertrou is ('n Boodskap aan almal wat in die skare was). As ons aan hierdie drie dinge voldoen, beteken dit dat ons gereed is vir die koms van die Seun van die Mens.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
    a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
    b. Hoe voel jy oor die Derde vlaag van Covid-19 wat deur die land woed?

2. Na God
    a. Lees Lukas 12:35-48
    b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
    c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
    d. Wat sê hierdie gedeelte oor Jesus se tweede koms?

3. Na mense
    a. Hoe kan ons voorbereid wees vir die koms van Jesus?



# Hanna sê vir God dankie

## 1 Samuel 1 – 2:11

Hanna was baie lief vir God. Sy wou graag 'n baba hê, maar kon nie kinders hê nie.

Hanna en haar man is na die tabernakel toe. Sy het gebid: "God, as U vir my 'n babaseun gee, sal ek sorg dat hy U altyd dien."

Eli was 'n priester. Hy het Hanna sien bid. Sy het verduidelik: "Ek smeek die Here om my gebed te beantwoord." Eli het vir haar gesê: "Gaan in vrede. En mag God vir jou gee wat jy vra."

Hanna en haar man het toe 'n babaseuntjie gekry. Hulle het vir God baie dankie gesê. Hulle het hom Samuel genoem.

(Uit: Bybelstories vir beginners)



# Verjaarsdae

## Sondag 27 Junie
Maurice Fourie

## Maandag 28 Junie

## Dinsdag 29 Junie
Mianke Gerber
Carli Schnetler

## Woensdag 30 Junie
Ockert Coetzee
Sean Everts
Eben Joubert

## Donderdag 01 Julie
Lana Spies

## Vrydag 02 Julie
Karla van Wyk
Annelie Venter

## Saterdag 03 Julie
Elzabe Marais
Jason Vorster

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

# Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves - Will Kearney
Carine, Gerrie Jamneck se vriendin

**GESONDHEID**
Hilie Green - Tia de Jager - Sarie Vermaak - Marie-Louise Knoesen
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager – Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher - Anelda Du Toit - Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker - Klein Nathan Janse van Nieuwenhuizen
Yvonne (Marius en Vonrie Jacobs se moeder) - Marietjie Nel
Charles van Loggerenberg - André Grundling

**OPERASIES**
Marietjie Pienaar - Baba Reinhardt van Stade

**COVID**
Carla Saayman se ouma Bets - Nardus en Anneri Dodds
Salomé, Adriana van Taak (7 jaar oud), familie van Marietjie Nel
Danie Olivier - Johanna en Antoinette Coetzer - Marie Barclay
Theuns en Herman Botha - Tubby en Tersia van den Heever
Elize Venter se jongste broer, Herman Botha

**AFSTERWE**
Elize Venter se neef en oudste broer, Theuns Botha

**GEBOORTES**
Tia en Japie de Jager – Melizé

**SWANGERSKAPPE**
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
Mense wat werk soek, veral 'n jong, enkel mamma wat dringend 'n werk moet kry.

# Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™